

GEMEENTE.

LES 30

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> LUKAS 18:18 – 21:38
----------	--

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Lukas 18:18 – 21:38). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) <i>[CHRISTELIKE HUWELIK]</i> REPETEER SERIE G
----------	--

Repeteer twee aan twee: die 5 Bybelverse uit reeks G: "Die Christelike Huwelik".

- (1) Verlaat en heg. Genesis 2:24. "Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal één word."
- (2) Liefhê en lei. Efesiërs 5:23, 25. "Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. ... Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het."
- (3) Liefhê en onderwerp. Titus 2:4-5. "sodat hulle die jonger vrouens kan leer om liefdevol teenoor hulle mans en kinders te wees, verstandig en kuis, goeie huisvrouens, onderdanig aan hulle mans."
- (4) Konflikhantering. Matteus 5:23-24. "As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, lat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe."
- (5) Bly getrou. Spreuke 3:3-4. "Moenie dat liefde en trou by jou ontbreek nie; leef daarmee saam, maak dit 'n deel van jou lewe. So sal jy guns verwerf en byval vind by God en mens."

4	BYBELSTUDIE (85 minute) <i>[EVANGELIE VAN JOHANNES]</i> JOHANNES 13:1-38
----------	---

Inleiding. Johannes 12 tot 18 beskryf die laaste sewe weke voor die kruisiging van Jesus Christus (ongeveer 15 April tot 30 Mei, 30 n.C.). Johannes 19 tot 21 beskryf sy laaste 40 dae op aarde. Met Johannes 13 begin sy onderrig gedurende die viering van die laaste Pasga. Jesus gee 'n nuwe gebod dat Christene mekaar moet liefhê en illustreer dit deur die voete van sy dissipels te was.

Lukas gee niet die indruk dat hy sy Evangelie (Lukas) in chronologiese volgorde skryf nie. Maar Johannes skryf wel sy Evangelie (Johannes) in chronologiese volgorde (vergeelyk Johannes 13:2,21,30,31). Die volgende gebeurtenisse het tydens die Pasga plaasgevind:

- Die vraag wie van die dissipels die belangrikste was (Lukas 22:24-27).
- Die voetwassing (Johannes 13:1-17; vergelyk Matteus 26:20; Markus 14:17-18a; Lukas 22:14-16).
- Die voorspelling aangaande die verraaier en die heftige reaksie van die dissipels daarop (Johannes 13:18-30; Matteus 26:21-25; Markus 14:18b-21; Lukas 22:21-23).
- Die nuwe gebod (Johannes 13:31-35).
- Die voorspelling aangaande die verloëning (Johannes 13:36-38; Matteus 26:34-35; Markus 4:29-31; Lukas 22:33-34).
- Die instelling van die Nagmaal (Matteus 26:26-30; Markus 14:22-26; Lukas 22:17-20). Johannes laat hierdie gedeelte weg omdat die ander drie Evangelies dit al beskrywe.
- Die afskeidstoespraak van Jesus Christus en sy gebed vir sy dissipels (Johannes hoofstuk 14 - 17).

STAP 1. LEES. <i>GOD SE WOORD</i> Lees. Ons gaan Johannes 13:1-38 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.
--

STAP 2. ONTDEK. <i>WAARNEMINGS</i> Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

Ontdekking 1. Die verhouding tussen Jesus en Judas.

(1) Judas was 'n huigelaar.

In Johannes 6:66-71 het 'n groot aantal van die volgelinge van Jesus opgehou om Hom te volg. Maar Judas het by Jesus gebly en gemaak asof hy trou was aan Jesus. Toe al het Jesus gesê: “Het Ek nie Self julle twaalf uitgekies nie? En een van julle is 'n duiwel!” “Duiwel” beteken ‘lasteraar’, ‘valse aanklaer’, ‘teenspeler’. Jesus het gesê dat Judas 'n instrument van die duiwel was. Sy duiwelse aard blyk veral uit die feit dat hy voorgee 'n dissipel (leerling, volgeling) van Jesus te wees. Baie mense het Jesus verlaat omdat hulle 'n ander mening gehad het of dat hulle sy onderrig nie verstaan het nie, maar Judas het gemaak asof hy met Jesus saamstem. Judas was 'n huigelaar (Hy speel 'n gevaarlike rol). Jesus het vanaf die begin geweet wat Judas sou doen. Dit is 'n waarskuwing vir mense wat bepaalde waarhede haat, maar tog in die Kerk bly sit en so help om die Kerk na die ondergang te sleep. Toe Johannes sy Evangelie jare later geskryf het, voeg hy vers 71 daaraan toe dat hierdie woorde aan Judas Iskariot gerig was.

(2) Judas was gierig en 'n dief.

Johannes 12:4-6 beskryf Judas as 'n gierig mens en 'n dief. Terwyl Maria baie geld vir die kosbare salf uitgegee het om Jesus mee te salf, het Judas haar gekritiseer en gesê dat sy geld mors. “Waarom is hierdie reukolie nie vir driehonderd silwermuntstukke verkoop en die geld vir die armes gegee nie?” Johannes lewer kommentaar hierop en sê dat Judas glad nie begaan was met die armes nie, maar dat hy die penningmeester van die groep dissipels was en af en toe geld gesteel het. Die gulheid van Maria het 'n skerp kontras gevorm met die gierigheid van Judas!

(3) Judas was een verraai.

Johannes 13:2 beskryf die wyse waarop Judas vir Jesus sou verrai. “Die duiwel het toe al klaar Judas op die gedagte gebring om Jesus te verrai.” Onder die twaalf dissipels van Jesus was daar dus 'n laaghartige mens wat besluit het om Jesus vir geld te verrai. Die hoëpriesters en die Fariseërs het toe al 'n bevel uitgevaardig dat mense die verblyfplek van Jesus bekend moes maak sodat hulle Hom kon arresteer (Johannes 11:57). Judas het al besluit om Jesus deur bedrog in die hande van sy vyande te verrai. Hy het met hulle ooreen gekom dat hy Jesus vir dertig silwerstukke sou verrai. Die ander dissipels het niks hiervan geweet of vermoed nie. Die duiwel het hierdie bose plan in Judas ingegee (vergelyk Efesiërs 6:16). Na 'n tyd het Judas besluit om Jesus nie meer as 'n Christen te volg nie. Hy wou ook nie as 'n Jood uit die sinagoge gegooi word nie (Johannes 9:22) en het die Jode aangebied om Jesus vir geld te verrai.

(4) Judas was gekies, maar nie geseë nie.

In Johannes 13:17-18 sê Jesus dat sy dissipels geseënd sal wees as hulle sy voorbeeld sou volg en mense sou dien. En Hy het hieraan toegevoeg, “Ek praat nie van julle almal nie; Ek weet wie Ek uitgekies het. Maar die Skrif moet vervul word: ‘Hy wat van my brood eet, het My in die rug gesteeke’.”

Toe Jesus biddend twaalf manne uitgekies het (Lukas 6:12-13) het Hy geen fout gemaak nie. Hy het letterlik gesê: “Ek weet wie Ek uitgekies het.” Hy het geweet waarom Hy hulle uitgekies het. Hy het ook die hart en gedagtes van Judas geken. Hy het die elf dissipels uitgekies om hulle as sy apostels uit te stuur en oor Hom te getuig. Hy het die hele tyd geweet dat Judas maar gemaak het asof hy 'n dissipel was en dat Hy hom nie kon vertrou nie. Hy het Judas uitgekies, nie om hom te red nie, maar om 'n profesie in die Ou-Testamentiese Skrif te vervul.

Hierdie profesie staan in Psalm 41:9 geskrywe. Koning Dawid het verwys na een van sy raadgevers (waarskynlik Agitofel) wat 'n komplot teen Hom gesmee het. In 2 Samuël 15-17 lees ons hoe Agitofel met Absalom 'n komplot beraam het om Dawid te vermoor. In Psalm 55:13-15 het Dawid gesê dat nie 'n vyand nie, maar “'n vriend, 'n vertroude raadgever, teen hom in opstand gekom het en hom verrai het”. Hulle het as vriende opgetrek na die huis van God, Dawid was sy weldoener: hy het sy brood geëet en tog het hy Dawid in die rug gesteeke. Daarom het Dawid gebid dat God die raad van mense as Agitofel sou verwar (Psalm 55:10). Elke handeling soos wat Agitofel gedoen het, verdien afkeuring en afsku! Hierdie profesie was seker ook waar vir Judas. Hy het gemaak asof hy 'n vriend was en het Jesus selfs gekus! Nie een van die dissipels het dit vermoed nie. Judas het gekies om met twee gesigte 'n dubbel spel te speel. Judas het dus hierdie profesie vervul.

(5) Judas was heeltemal verantwoordelik vir sy dade.

In Johannes 13:19 het Jesus gesê, “Ek sê dit nou al vir julle voordat dit gebeur, sodat wanneer dit gebeur, julle kan glo dat EK IS (wat Ek is)(vergelyk Eksodus 3:14).” Jesus wou Judas waarsku en ook die ander dissipels versterk teen wat in hierdie krisis sou gebeur. Jesus het Judas al eerder gewaarsku dat as hy aanhou met sy bose plan, hy nie geseënd sou wees nie. Jesus het duidelik gemaak dat die verantwoordelikheid heeltemal Judas sin was. Die verraad van Judas sou die ander dissipels diep skok en hulle geloof ondermyn. Hulle kon gaan twyfel oor Jesus se mag en God se plan vir Hom. Maar spoedig sou die dissipels hoor dat Jesus al die tyd sy plan geweet het en dat Jesus nie verras was deur Judas

se verraad nie. Hulle sou gaan begryp dat die gebeurtenis juis die vervulling van God se plan was. Die dissipels kon seker wees dat Jesus was Die Een waarop Hy aanspraak gemaak het, die EK IS!

(6) Judas het besete geraak met 'n demoon.

Johannes 13:27 sê, “Nadat Judas die stukkie brood gevat het, het die Satan in hom ingevaar.” Die Satan het 'n bese plan soos 'n pyl in die hart van Judas geskiet om Jesus vir geld te verraai. Judas het die Satan nie weerstaan nie, maar het op sy voorstel ingegaan. Daarna het die Satan een stap verder gegaan en as 'n demoon in Judas ingevaar. Dit kan gebeur as mense die Satan nie weerstaan nie. Die Satan het die beheer van Judas oorgeneem en hom heeltemal verhard. Hy het hom die hele tyd teen die waarskuwing van Jesus verhard en nou het hy verhard geword. Daar sou geen waarskuwing meer kom nie. Jesus was klaar met Judas. Teen die einde van die Pasga het Jesus teen Judas gesê, “Wat jy wil doen, moet jy baie gou doen!” Al was Johannes en Petrus geskok oor Jesus se woorde, het dit nie tot hulle deuring wat Judas van plan was nie. Judas was so 'n toneelspeeler sodat niemand van die ander dissipels iets vermoed het nie. Maar Judas het besef dat sy komplot ontdek was en hy het gou die geselskap verlaat om sy bese plan uit te voer (Johannes 13:27-30).

Ontdekking 2. Die verhouding tussen Jesus en Petrus.

In Johannes 13:33 het Jesus gesê, “Ek is nog 'n klein rukkie by julle. Dan sal julle My soek, en soos Ek vir die Jode gesê het, sê Ek nou vir julle ook: Waar Ek heengaan, kan julle nie kom nie.” Petrus was ontstem oor hierdie woorde en vra toe, “Here, waarheen gaan U?” En Jesus het geantwoord, “Waarheen Ek gaan, kan jy My nie nou volg nie, maar later sal jy My volg.” Jesus het verwys na die hemel en Petrus sou na sy dood ook na die hemel gaan. Maar Petrus het dit nie verstaan nie.

Petrus het toe gesê, “Al sal hulle ook almal van U afvallig word, ek sal nie (Markus 14:29)! “Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie” (Markus 14:31)! “Ek sal my lewe vir U gee” (Johannes 13:37). Petrus het homself nie geken nie! Hy was ongeduldig en impulsief. Hy wou Jesus in sy lyding volg! Maar Jesus het gesê, “Dit verseker Ek jou: Nog voor die haan kraai, sal jy My drie keer verloën. Petrus sou Jesus dieselfde nag drie keer verloën! Petrus was op menslike wyse selfverseker en kon nie hoor wat Jesus sê nie. Petrus wou sy lewe vir Jesus gee, maar in werklikheid was Jesus besig om sy lewe vir Petrus te gee!

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 13:1-38 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

13:1-2

Vraag 1. Wanneer het die Jode die Pasga gevier?

Aantekeninge. Sommige Christene dink dat hier 'n teenstrydigheid in die Bybel is. “Is die laaste Pasga waaraan Jesus deelgeneem het, gevier op Donderdag aand (15^{de} Nisan) vóór die kruisiging van Jesus soos die Sinoptiese Evangelies leer (Matteus 26:17; Markus 14:12,14; Lukas 22:11,14,15)? Of is die laaste Pasga gevier op Vrydag aand (16^{de} Nisan) na die kruisiging van Jesus soos die Evangelie van Johannes skyn te leer (Johannes 18:28)?

Daar is egter geen teenstrydigheid nie, omdat die Pasga deur alle Jode op die gewone tyd gevier is, naamlik, op Donderdagaand die 15^{de} Nisan. Daar is 'n goeie verklaring vir Johannes 18:28.

Die Ou-Testamentiese seremoniële wet leer die volgende oor die Pasga en die Fees van Ongesuurde Brode (Leviticus 23:5-6).

- Die voorbereidings vir die Paasmaal is gedurende die middag van Donderdag 14^{de} Nisan gemaak.
- Die fees van die Ongesuurde Brode het geduur van die 15^{de} tot die 21^{ste} Nisan.
- 'n Nuwe dag begin met sonsondergang. Die Pasga is altyd op die eerste dag van die Fees van die Ongesuurde Brode gevier, dus die Paasmaal is op Donderdag aand die 15^{de} Nisan geëet/ (Eksodus 12:8; Ezra 6:21-22).

Die Jode wat Jesus in die nag tussen Donderdag en Vrydag tydens die drie hofsittings voor Annas, Kajafas en die Sanhedrin veroordeel het, het Jesus op Vrydag oggend vroeg voor die gereg voor Pilatus gebring. Hulle was so besig om Jesus in die nag tussen Donderdag en Vrydag te veroordeel te kry dat hulle geen tyd gehad het om die Pasga op Donderdag aand te eet nie. Hulle het nie in die geregsgebou van Pilatus ingegaan nie, omdat hulle hulself nie wou besoedel nie sodat hulle nog die Pasga op Vrydag aand kon eet (Johannes 18:28). Terwyl alle ander Jode en Jesus en sy dissipels die Pasga op Donderdag aand (15^{de} Nisan) geëet het, het hierdie Jode eers gewag totdat Judas Jesus verraai het, Hy gearresteer was en veroordeel geword het voordat hulle aan hul Pasga op Vrydagaand (16^{de} Nisan) (één dag te laat)

aangelê het! Hulle het hul seremoniële verontreiniging (Lukas 11:39,44; vergelyk Handeling 10:28; 11:3) as veel erger beskou as hulle morele verontreiniging (bv. deur 'n onskuldige mens dood te maak, Exodus 20:13)! Hul enigste doel was om van Jesus ontslae te raak (Johannes 11:50,57). Pas nadat hulle Jesus laat kruisig het, het hulle hul Pasga (en Paaslam) geëet. Hierdie Jode het geen idee gehad dat die Paaslam wat hulle geëet het na Jesus Christus verwys nie (1 Korintiërs 5:7)!

13:4-17

Vraag 2. Wat is die betekenis van die voetwassing van Jesus?

Aantekeninge.

(1) Die voetwassing was 'n les in diensverlening.

Jesus en sy dissipels het van Betanië tot Jerusalem op stoffige strate geloop. In Israel was dit die gewoonte dat die allerlaagste huisslaaf die vuilste werkies moes doen, dus ook die vuil voete van gaste by die deur te was. Jare daarvoor het Johannes die Doper al gesê dat hy nie waardig was om voor Jesus te kniel en sy sandale los te maak om sy voete te was nie. Nou in die bo-kamer was daar nie eers één dienskneg wat voete wou was nie! Almal het met ongewasse voete vir die Pasga aangelê! Toe die dissipels in die bo-kamer ingekom het, het hulle die waskom met handdoek gesien, maar geen één van die dissipels wou die laagste (minste) slaaf wees nie! Almal was te hoogmoedig daarvoor. Lukas vertel hoe die dissipels op die pad rusie gemaak het oor wie van hulle die belangrikste dissipel van Jesus was. Hierdie rusie het waarskynlik aangehou toe hulle moes bepaal wie waar sou gaan aanlê op die lae banke wat in 'n U-vorm rondom 'n lae tafel gestaan het. Die vuil voete van die dissipels het aan die onderkant van die banke oorgehang. Jesus Christus het geweet dat God die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God gekom het en weer terug na God sou gaan. Hy was heeltemal bewus dat Hy die Eniggebore Seun van God en die Heer van die hele skepping is. Ondanks dit het Jesus opgestaan, sy boklere uitgetrek, water in die waskom gegooi en begin om die voete van sy dissipels te was.

(2) Die bad van die liggaam simboliseer die wedergeboorte (regverdiging).

Voordat mense na 'n dinee gaan, het hulle altyd eers 'n bad geneem. By aankoms was dit dan alleen nodig om die voete nog te was. Hulle het gebad deur water met 'n beker bo-oor hulleself uit te giet. Die bad van die hele liggaam was 'n simbool vir die volbragte verlossingswerk van Jesus in sy menslike staat van vernedering wat aan die gelowige volkome regverdiging (wedergeboorte, vergewing van sondes) gebring het. Sy staat van vernedering sluit sy menswording (soos één van ons, maar sonder sonde), sy nederige diensverlening (Markus 10:45), sy verwerping deur die mense op die aarde, sy lyding en uiteindelik sy dood deur kruisiging in (Filippense 2:8).

Die Bybel vertel nie in welke volgorde Jesus die voete van sy dissipels gewas het nie. Dit vertel alleen wat gebeur het toe Hy by Petrus gekom het. Alle dissipels het hulle vreeslik geskaam en was verbouereerd. Maar Petrus, onbesonne en impulsief soos altyd, het geskok gereageer. Jesus het aan hom gesê dat Petrus later (na sy dood, opstanding, en uitstorting van die Heilige Gees) sou begryp wat Jesus gedoen het. (Johannes 13:7). *Alleen dan sou die betekenis van die voetwassing duidelik word.*

Eers het Petrus geweier dat Jesus sy voete was. Toe het Jesus gesê, “As Ek jou nie was (Grieks: niptó) nie, het jy geen deel aan My nie” (Johannes 13:8). Hy het bedoel, as Jesus nie vir Petrus van al sy sondes sou reinig deur middel van sy volbragte verlossingswerk gedurende sy staat van vernedering nie (waarvan die voetwassing 'n onderdeel en simbool was), sou Petrus nooit aan hierdie verlossing deel kry nie. Verder het Jesus gesê, “Hy wat klaar gebad het (Grieks: louó), is heeltemal skoon; hy hoef later niks meer as sy voete te was (Grieks: niptó) nie, want hy is heeltemal rein (skoon)” (Johannes 13:10). Die bad van die hele liggaam simboliseer die resultaat van die hele verlossingswerk van Jesus wat wedergeboorte of regverdiging genoem word. Die bloed van Jesus Christus sou alle sondes van gelowiges afwas (1 Johannes 1:7; vergelyk Handeling 22:16) en die gelowige heeltemal regverdig (vergewe) (2 Korintiërs 5:21; 1 Petrus 3:18a).

(3) Die voetwassing simboliseer heiliging.

Die voetwassing simboliseer die resultaat van die voortsetting van sy verlossingswerk nadat die gelowige wedergebore en geregverdig is. Dit word ‘heiliging’ genoem. Nadat hy die betekenis van die voetwassing deur Jesus begryp het, het die impulsiewe Petrus na die ander uiterste gesprong: nou wou hy dat Jesus sy hele liggaam van kop tot tone was! Petrus het gedink, hoe groter oppervlakte van hom gewas word, hoe meer geseënd hy sou wees!

Maar Jesus het nie oor liggaamlike wassing gepraat nie, maar oor geestelike wassing!

- In Johannes 3 het Jesus gepraat oor die *geestelike* wedergeboorte
- in Johannes 4 oor die *geestelike* water
- in Johannes 6 oor die *geestelike* brood.
- en nou in Johannes 13 oor die *geestelike* wassing.

Daarom het Jesus gesê, “Hy wat klaar gebad het, is heeltemal skoon; hy hoef later niks meer as sy voete te was nie. En julle is nou skoon, maar nie almal nie” (Johannes 13:10).” In Israel hoef 'n mens wat al 'n bad geneem het voordat hy aan die maaltyd aanlê, by aankoms alleen nog maar sy voete te laat was.

Jesus het gepraat oor 'n geestelike bad (die wedergeboorte of regverdiging) en oor die geestelike voetwassing (reiniging van sondes of heiliging daarna). Alle dissipels, behalwe Judas, het in Jesus geglo en was al deur sy Woord geestelik gereinig (wedergebore, geregverdig)(Johannes 13:10; vergelyk Johannes 15:3). *Hulle het al 'n deel gehad aan die*

verlossing wat Jesus Christus in hulle plek verwerf het. Nou was dit alleen maar nodig dat hulle voete gewas word. Nadat Christene wedergebore en geregtig is, hoef hulle sondes wat hulle daarna pleeg net maar bely en vergewe te word (1 Johannes 1:9). So word hulle steeds meer heilig.

(4) Konklusie. Die voetwassing leer ons drie belangrike waarhede:

- Die voetwassing is 'n essensiële onderdeel van die staat van vernedering van Jesus Christus en sy lyding, naamlik, sy werk as 'n Dienskneg (Slaaf) tydens sy lewe op die aarde en sy kruisdood toe Hy as 'n oortreder gereken is (Jesaja 53:12; Lukas 22:37; vergelyk Filippense 2:5-8).
- Die voetwassing is 'n simbool vir die eenmalige versoening en die voortgaande heiliging. Dit simboliseer die dood en opstanding van Jesus Christus wat versoening gemaak het vir die sondeskuld en verslawing van gelowiges en die voortgaande heiligende werk van die Heilige Gees (Markus 10:45; Hebreërs 10:10,14).
- Die voetwassing is 'n les in nederige diensverlening. Jesus Christus het 'n voorbeeld gegee vir alle Christene om na te volg. Nou eers het die dissipels die betekenis begin begryp. Die eerste twee betekenis is het hulle eers by die uitstorting van die Heilige Gees begryp. Jesus het hiermee nie 'n nuwe sakrament of ritueel of 'n nuwe bevel gegee om mekaar se voete met water te was nie. Hy noem dit 'n voorbeeld van nederige diensverlening wat hy voor hulle oë verrig het. Grootheid in die koninkryk van God word gemeet aan nederige diensverlening – nie deur 'n hoë posisie, mag of roem nie, maar deur die bereidwilligheid om te doen wat ander nie wil doen nie of kan doen nie! Nederige diensverlening is 'n illustrasie van die nuwe gebod om mekaar lief te hê, soos Christus ons liefgehad het. Ek het besluit om 'n dienskneg te wees. Ek wil altyd bereid wees om die vuil werk wat ander nie wil of kan doen nie, te doen. Of 'n moeilike taak uit te voer wat niemand anders wil of kan uitvoer nie. Ek wil in die voetstap van Jesus Christus volg!

13:34-35

Vraag 3. Waarom word hierdie gebod : 'n nuwe gebod genoem"?

Aantekeninge. Die gebod om mekaar lief te hê met heel jou hart, siel, verstand en krag en jou naaste as jouself bestaan al in die Ou-Testamentiese periode (Deuteronomium 6:5; Leviticus 19:18). Maar die nuwe gebod sê, “Soos Ek julle liefgehad het, so moet julle mekaar liefhê.” Terwyl die oorspronklike inhoud van die gebod nie verander het nie, verander die standaard vir liefhê wel!! Hierdie gebod is “nuut” omdat Jesus Christus van Christene eis dat “hulle mekaar liefhet soos Hy hulle liefhet”!! Sy voorbeeld van aanhoudende selfopofferende liefde moet die model wees vir die houding, gehoorsaamheid en verhoudings van Christene.

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou saam 'n dinkskrum en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit Johannes 13:1-38.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie.

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid wees. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 13:1-38.

13:4-17. Wy jou toe om bereid te wees om dinge te doen wat ander nie wil of kan doen nie.

13:4-17. Wy jou toe om die eerste te wees wat opstaan om te dien waar diensverlening nodig is.

13:34-35. Maak “ander Christene liefhê soos Christus jou liefhet” die doel van jou lewe.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 13:1-38.

Netsoos Petrus praat ek soms oor groot planne en praat ek groot, maar in werklikheid ken ek myself nie goed nie! Ek wil onthou dat wat regtig belangrik is, is nie wat ek vir Christus doen nie, maar wat Christus vir my gedoen het! Hy het vir my gesterf! Dit hou my nederig en help my om te besef dat ek sonder Christus absoluut hulpeloos is!

Ek is beïndruk deur die feit dat die verraad van Jesus Christus deur Judas, die onregverdige hofsittings van Jesus deur sy vyande en sy kruisdood terwyl Hy volkome onskuldig was, God se ewige plan nie gefrustreer het nie, maar eerder vervul het! God is in volkome beheer van die gebeurtenisse in die wêreld en niks kan Hom stop om hierdie plan uit te voer nie (vergeelyk Jesaja 14:24,27)! Daarom frustreer alle moeilikhede in die lewe wat ek moet deurmaak nie God se plan met my lewe nie. Wat daar ook al met my gebeur, het sy toestemming en dra by om sy goeie plan met my lewe tot vervulling te bring!

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 13:1-38.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute)	<i>[VOORBIDDING]</i> BID VIR ANDERE
----------	------------------	--

As *daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--------------------------	---

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 13 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Lukas 22 - 24. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (11) Johannes 11:25. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.